

**■ - BASF**

We create chemistry

# Bellis®

Reg. No. L7817; N-AR 0877  
W 130377

Act No. 36 of 1947

## FRAC FUNGICIDE GROUP CODES 11 & 7

**A water dispersible granular fungicide for the preventive control of fungal diseases as listed.**

Active ingredients:

Aktiewe bestanddele:

Pyraclostrobin (methoxy-carbamates)..... 128 g/kg

Boscalid (pyridine-carboxamide) ..... 252 g/kg

Reg. Nr L7817; N-AR 0877  
W 130377

Wet Nr 36 van 1947

## FRAC SWAMDODERGROEPKODES 11 & 7

**'n Waterdispergeerbare korrelswamdoder vir die voorkomende beheer van swamsiektes soos aangedui.**

**Registered by / Geregistreer deur:**

BASF South Africa (Pty) Ltd., Co. Reg. No. / Mpy. Reg. Nr. 66/10235/07.  
P.O. Box / Posbus 2801, Halfway House, 1685

**Batch Number / Lotnommer:**

**Date manufactured / Datum vervaardig:**

**EMERGENCY NUMBER / NOODNOMMER: 083 265 3805**

**UN Number/VN Nommer: 3077**

# 1 kg

®Registered Trademark of BASF /  
Geregistreerde Handelsmerk van BASF

81129729ZA1108



**CAUTION  
VERSIGTIG**



## WAARSKUWINGS

**LAAT DIE VOLGENDE MINIMUM AANTAL DAE TOE, TUSSEN DIE LAASTE TOEDIENING EN OES:**

Aarbeie	7
Aartappels	14
Bessies (Swartbessies, Framboos, Bloubessies, Brame)	28
Capsicum gewasse ( Rissies, Groenrissies en Paprika)	7
Persimmons	145
Neute (Makadamias, Amandels, Pistasieneute, Kasjoeneute, Haselneute, Pekanneute)	14
Sonneblom	14
Sojabone	70
Tamaties	3
Uie (insluitend Grasuie)	7

- Hanteer versigtig.
- Giftig indien ingesluk.
- Mag oë en vel irriteer.
- Stoor in 'n koel, droë plek weg van kos en voer. Beskerm teen vog en direkte sonlig.
- Giftig vir visse en akwatiese invertebrata.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

**Alhoewel hierdie middel omvattend en onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos, abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, saambuikbaarheid met ander stowwe, wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van 'n siekte teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing, nadelige effek op mens of dier, of vir 'n gebrek aan prestasie as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande, wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## **VOORSORGMATREËLS**

- Moenie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Dra beskermende klere.
- Was besmette klere daaglik.
- Was met seep en water, indien dit per ongeluk op die vel beland.
- Moenie eet, rook of drink terwyl gemeng of gespuit word nie en alvorens die hande en gesig nie eers gewas is nie.
- Moenie fonteine, damme, riviere, eetgerei, voedsel of voer besoedel nie.
- Vermoedlik van spuitstof na ander gewasse en weiveld.
- Leë houers moet DRIE KEER UITGESPOEL word soos volg: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes, nadat die vloeï tot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water, gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk, voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Vernietig leë houer deur gate in te kap en plat te slaan en raak op 'n veilige wyse daarvan ontslae en moenie vir enige ander doel hergebruik nie.

## WEERSTANDBIEDENDHEIDSWAARSKUWING

**Bellis®** is 'n FRAC Groepkodes 11 en 7 Swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **Bellis®**, of enige ander Groepkodes 11 en 7 swamdoders het. Indien hierdie swamdoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **Bellis®**, of enige ander Groepkodes 11 en 7 swamdoders, beheer word nie. Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders in dieselfde Swamdodergroepkode.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies), in swamdoderprogramme.

**VIR SPESIEKE INLIGTING OOR WEERSTANDBESTUUR, KONTAK DIE REGISTRASIEHOUER, BASF SA (Edms) Bpk.**

**GEBRUIKSAANWYSINGS:** GEBRUIK SLEGS SOOS VOORGESKRYF

### **Menginstruksies:**

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Meet die benodigde hoeveelheid **Bellis®** af en meng dit vooraf met minstens 10 l water. Voeg hierdie mengsel by die water in die spuittenk terwyl die mengsel geroer word. Vul die spuittenk met water terwyl daar nog steeds geroer word, ten einde deeglike vermenging van die spuitmengsel te verseker, alvorens daar begin word met bespuiting. Handhaaf roering gedurende die hele spuitproses. Aangemaakte spuitmengsel moenie in die spuittenk gelaat word vir enige bepaalde tydperk, bv. oornag, nie.

### **Verenigbaarheid:**

**Bellis®** is verenigbaar met die volgende produkte op aartappels: **Acrobat® WG** (L6526), **Hunter® 24** (L8307), **Fastac® SC** (L4992), abamectin en methamidophos, sonder enige negatiewe effek.

### **Lugtoediening (Slegs op Aartappels):**

**Bellis®**, kan slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur, met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig, volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides), uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening, tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- **Volume:** 'n Spuitmengselvolume van 30 - 35 ℓ per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 50 - 70 druppels per cm<sup>2</sup> moet op die teikenarea herwin word.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- **Vlieghoogte:** Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 - 4 meter. Moenie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 - 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moenie 8 °C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km / uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en / of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  - Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken).
  - Skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

Alle toedienings moet gemaak word, met geskikte toerusting, wat in goeie werkende toestand en korrek gekalibreer is, ten einde die verlangde bedekking te gee vir die betrokke toedieningsmetode.

GEWAS	SIEKTE	DOSIS	GEBRUIKSAANBEVELINGS
AARBEIE	Antraknose ( <i>Colletotricum</i> spp.)  Botritis grysskimmel ( <i>Botrytis cinerea</i> )  Poeieragtige skimmel ( <i>Sphaerotheca macularis</i> )	1,2 kg/ha	Dien <b>Bellis</b> <sup>®</sup> toe, as deel van 'n voorkomende spuitprogram. Dien toe in hoë volume, met 7 - 14 dae spuitintervalle. Begin bespuitings nie later as 10 % blom, of voor siekteontwikkeling nie.  Gebruik korter intervalle, wanneer toestande gunstig is vir siekteontwikkeling.  <b>Weerstandsbestuur:</b> Om die moontlikheid van weerstandsontwikkeling te beperk, moet nie meer as drie <b>Bellis</b> <sup>®</sup> , of enige ander swamdoder uit Groep 7 of 11 toegedien word, per seisoen nie. Moenie meer as twee opeenvolgende toedienings van <b>Bellis</b> <sup>®</sup> toedien in die program nie, voordat afgewissel word met 'n swamdoder, met verskillende wyse van werking.
AARTAPPELS	Vroeë roes ( <i>Alternaria solani</i> )	300 g/ha	<b>Grondtoediening:</b> Dien <b>Bellis</b> <sup>®</sup> toe as deel van 'n voorkomende spuitprogram, met 10-14 dae intervalle. Wissel in die program af met onverwante kontakswamdoders. Spuit 'n maksimum van drie <b>Bellis</b> <sup>®</sup> toedienings.  Dien <b>Bellis</b> <sup>®</sup> in ten minste 500 ℓ /ha toe. Verseker goeie bedekking.  <b>Lugtoediening:</b> Dien in 30 – 40 ℓ /ha toe.
		600 g/ha	<b>Grondtoediening:</b> Wanneer gunstige toestande vir siekteontwikkeling verwag word, of waar hoë siektedruk verwag word, dien 'n maksimum van twee <b>Bellis</b> <sup>®</sup> bespuitings toe per seisoen, met 21 - 28 dae intervalle.  Wissel in die program af met onverwante kontakswamdoders.  Dien <b>Bellis</b> <sup>®</sup> in ten minste 500 ℓ /ha toe.  Verseker goeie bedekking.

GEWAS	SIEKTE	DOSIS	GEBRUIKSAANBEVELINGS
<b>BESSIES</b> (Swartbessies, Framboos, Bloubessies, Brame)	Blaarroes ( <i>Thekopsora minima</i> )	60 g / 100 ℓ water	Die eerste toediening moet aan die begin van die na-oes nuwe groei gemaak word, voor die eerste herfsreën, met 'n maksimum van drie toedienings per seisoen (FRAC riglyne), soos benodig om nuwe groei te beskerm gedurende die winterseisoen.
<b>CAPSICUM GEWASSE</b> (Paprika, Rooirissies Groenrissies).	Poeieragtige skimmel ( <i>Leveillula taurica</i> ) Cercospora blaarvlek ( <i>Cercospora capsici</i> ) Antraknose ( <i>Colletotrichum</i> spp.)	500 g/ha	Dien <b>Bellis</b> ® voorbehoedend toe, met 10 - 14 dag intervalle. <b>Bellis</b> ® moet as deel van 'n programbespuiting toegedien word, met 'n maksimum van drie toedienings, per seisoen.  Alle ander toedienings vir siektebeheer, moet met ander Swamdodergroepkodes toegedien word.  Dien <b>Bellis</b> ® in ten minste 500 ℓ water / ha, toe. Verseker goeie bedekking van die plante.
<b>NEUTE</b> (Makadamias, Amandels, Pistasieneute, Kasjoeneute, Haselneute, Pekanneute)	Bloeiselsversenging ( <i>Cladosporium cladosporioides</i> ), Antraknose / Vrughulselvrot ( <i>Colletotrichum</i> spp.)  Vrughulselvlek ( <i>Pseudocercospora macadamiae</i> )	800 g/ha	Dien <b>Bellis</b> ® toe, voordat siekte ontwikkel, as deel van 'n program. Dien <b>Bellis</b> ® toe by blomaar verskeining, opgevolg deur 'n tweede bespuiting, twee weke later.  Dien <b>Bellis</b> ® in 1200 - 1500 ℓ water / ha, toe.  <b>Weerstandsbestuur:</b> Om die moontlikheid van weerstandsontwikkeling te beperk, moet nie meer as drie <b>Bellis</b> ®, of enige ander swamdoder uit Groep 7 of 11 toegedien word, per seisoen, nie. Moenie meer as twee opeenvolgende toedienings van <b>Bellis</b> ® toedien in die program nie, voordat afgewissel word met 'n swamdoder met verskillende wyse van werking.
<b>PERSIMMONS</b>	<i>Alternaria alternata</i>	60 g / 100 ℓ water	Drie <b>Bellis</b> ® toedienings word aanbeveel in 'n program, met die eerste bespuiting 10 dae voor volblom.  Dien as voldekbepuiting toe, tot by punt van afloop, om deeglike bedekking te verseker.

GEWAS	SIEKTE	DOSIS	GEBRUIKSAANBEVELINGS
<b>SOJABONE</b>	Sojaboonroes ( <i>Phakopsora pachyrhizi</i> )	600 g/ha	<p>Dien, as 'n voorkomende behandeling toe, voor die eerste simptome gewaar word (normaalweg met begin blom) en herhaal 21 – 28 dae later. Wanneer weerstoestande bevorderlik is vir die ontwikkeling van 'n hoë siektedruk, moet 'n korter spuitinterval van 21 dae gespuit word.</p> <p><b>Grondtoediening:</b> Dien as 'n volbedekking toe in 200 - 320 ℓ water / ha. Gebruik kwaliteit toerusting wat goed onderhou word en 'n fyn eweredige spuitpatroon op die plante lewer.</p>
<b>SONNEBLOM</b>	Alternaria blaarvlek ( <i>Alternaria helianthi</i> , <i>A. zinniae</i> & <i>A. alternata</i> )	600 – 800 g/ha	<p><b>Aantal toedienings:</b> 'n Maksimum van twee <b>Bellis</b>® toedienings kan per seisoen gemaak word. Gebruik die laer dosis, indien die eeste toediening op 'n vroeë groeistadium gemaak word, voor die verskyning van siektesimptome. Gebruik die hoër dosis, vir die opvolgbespuiting.</p> <p><b>Tyd van toediening:</b> Maak die eerste toediening sodra die eerste 6 – 8 volblare ontvou het en verkieslik voor die verskyning van siektesimptome.</p> <p>Dien 'n opvolgbespuiting toe, met die aanvang van blom (met verskyning van eerste geel blomblare).</p> <p>Moenie <b>Bellis</b>® toedien nadat die blomkoppe begin hang nie.</p> <p><b>Watervolume:</b> Dien <b>Bellis</b>® in ten minste 300 - 400 ℓ water / ha toe, bo-oor die plante, en verseker deeglike blaarbedekking.</p> <p><b>Impak op ander siektes:</b> Goeie onderdrukking van poeieragtige skimmel (<i>Erysiphe cichoracearum</i>) kan verkry word wanneer <b>Bellis</b>® teen die hoër dosis toegedien word en voor siekteontwikkeling.</p>

GEWAS	SIEKTE	DOSIS	GEBRUIKSAANBEVELINGS
<b>TAMATIES</b>	Vroeë roes ( <i>Alternaria solani</i> )	300 g/ha  Indien die watervolume meer as 500 ℓ/ha is, moet die dosis aangepas word na 60 g produk / 100 ℓ water	Dien <b>Bellis</b> ®, as deel van 'n voorkomende spuitprogram toe, met 10 - 14 dae intervalle. Wissel in die program af, met onverwante kontakswam-doders, bv. <b>Polyram</b> ®.  Spuit 'n maksimum van drie <b>Bellis</b> ® toedienings.  Dien <b>Bellis</b> ® in ten minste 500 ℓ water / ha, toe.  Verseker goeie bedekking.
<b>UIE</b> (Insluitend Grasuie)	<i>Alternaria</i> ( <i>Alternaria porri</i> )	300 g/ha	Dien <b>Bellis</b> ® voorbehoedend toe, met 10 - 14 dag intervalle. <b>Bellis</b> ® moet as deel van 'n programbespuiting toegedien word, met 'n maksimum van drie toedienings, per seisoen.  Alle ander toedienings, vir die beheer van <i>Alternaria</i> , moet met <b>ander Swamdodergroepkodes</b> toegedien word.  Dien <b>Bellis</b> ® in 300 - 500 ℓ water / ha, toe. Verseker goeie bedekking van die plante. Voeg altyd 'n benatter / kleefmiddel, by die spuitmengsel.

**Acrobat® WG, Hunter® 24, Fastac® SC en Polyram®**  
is Geregistreerde Handelsmerke van BASF.